**PASTORALE BERADINGSKURSUS**

***MEDE-AFHANKLIKHEID EN EMOSIONELE GEBROKENHEID – PASTORALE PERSPEKTIEWE***

**Dinsdag 20 Junie 2023 – Zoom aanbieding**

Oor die tema van mede-afhanklikheid is daar oor die algemeen reeds baie geskryf, maar in hierdie kursus word daar veral ook gefokus op die pastorale implikasies. Iemand wat ŉ besondere bydrae gelewer het rakende ŉ duidelike definiëring van hierdie tema is Pia Mellony. Die bekende John Bradshaw (2007:9) beskryf haar bydrae soos volg:

> *"Pia's work has become the core model in treating addictions of all kinds and the core of codependence they rest upon. She has personally led hundreds, probably thousands, of people suffering from codependency into recovery and wholeness."*

Daar word in besonder gefokus op Mellony se boek, *Facing codependence. What it is, where it comes from, and how it sabotages our lives* (2003). Nog ŉ belangrike bron is die boek, *Love is a choice. The groundbreaking book on recovery for codependent relationships*, deur Hemfelt, R., Minirth, F. & Meier, P. (2003). Hierdie boek beskryf die tien-fase genesingsmodel vir mede-afhanklikheid soos toegepas binne die Meier Klinieke in die VSA. Paul Meier en Frank Minirth is waarskynlik die twee mees bekende Christen psigiaters in die VSA (Minirth reeds oorlede). In hierdie model word die voorgestelde riglyne telkens gekoppel aan beginsels vanuit die Skrif.

Die inhoud van bovermelde twee belangrike bronne word dan verder aangevul met stof vanuit verskeie bronne. In die aanbieding word daar besonder gefokus op die aspek van emosionele gebrokenheid wat in talle medeafhanklikes se lewens reeds ŉ aanvang geneem het tydens die kinderjare. Hierdie agtergrond het hulle gevolglik kwesbaar gemaak vir die tipiese karakteristieke van mede-afhanklikheid tydens hul volwasse jare. Kwessies wat verder ook aan die orde kom, is medeafhanklike geestelike leiers, mede-afhanklike tendense binne sommige kerke/gemeentes, en ook die rol van toksiese godsdiens rakende

mede-afhanklikheid. Ten slotte word ŉ aantal spesifieke pastorale elemente geïdentifiseer met dan toepaslike riglyne vir die begeleiding van slagoffers.

**Datum:** Dinsdag 20 Junie 2023 – sluit in sleutelnotas en PowerPoint
**Tyd:** 09.00 – 13.00
**Akkreditering:** 5x VBO punte – CPSC punte – ook AFM PCD akkreditasie
**Koste:** R250 pp (egpare: R400)
**Handboek te koop** (opsioneel): R150 (plus R100 koerier koste)
**Navrae:** 0836600409 of e-pos: wentzelc@gmail.com
**Om te bespreek:** U kan op die volgende skakel klik vir registrasie: